HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

27 Mei 2020

Nuusbrief aan ouers van die Hoërskool Outeniqua

Beste Ouers / Voogde

Die personeel van Hoërskool Outeniqua het die afgelope paar dae baie hard gewerk om hulself vir die heropening van die skool gereed te kry. Ons is opgewonde om ons pragtige leerders by ons wonderlike skool terug te verwelkom. Die skool is leeg en sonder atmosfeer sonder ons leerders. Hulle is Outeniqua en Outeniqua is hulle.

VEILIGHEID

Ons is ook tans besig om die skool ooreenkomstig die voorgeskrewe veiligheidsmaatreëls te ontsmet en vir ons personeel en leerders te beveilig. Ons wil vir elke ouer en leerder die versekering gee dat ons alles in ons vermoë doen om aan hierdie vereistes te voldoen. Die veiligheid van ons personeel en kinders is ons skool se hoogste prioriteit – veel hoër as bloot die afhandeling van die kurrikulum. Ten spyte van al hierdie maatreëls, kan die skool u nie 'n absolute waarborg gee dat u kind nie die Covid-19 virus sal opdoen nie. Dit bly elke ouer se reg om te besluit of die kind skool toe kom of nie.

INLIGTINGSDOKUMENT

Die Senior Skoolbestuurspan het eergister twee dokumente aan die matrieks en hulle ouers gestuur. Daarin is die volgende baie belangrike sake aangespreek:

- Die skooltye
- Die tye van skandering en die lokale waar dit plaasvind
- Die voorgeskrewe skooldrag
- Die dra van 'n masker
- Die op- en aflaai van leerders
- Die gebruik van motorfietse en leerders wat self skool toe ry met 'n motor
- Watter leerders as hoërisiko-leerders beskou word en hoe hulle hanteer sal word
- Skoolbywoning en die ouer se rol in die besluitneming
- Wat moet gebeur as 'n onderwyser of leerder koors het
- Die prosedures vir aanmelding van onderwysers en leerders
- Die voltooiing van die gesondheidsvraelys voor die skoolterrein betree word
- Beleid rondom selfone
- Die hantering van kospakkies
- Algemene veiligheidsmaatreëls
- Die aanbeveling om 'n rugsak te gebruik
- Veiligheidsmaatreëls binne die klaskamer
- Reëlings vir ouers
- Roosteraanpassings en hoe die volgende twee weke moontlik kan verloop
- Die wisselende akademiese gereedheid van leerders weens sekere faktore
- Die voortsetting van onderrig in alle grade vanaf 1 Junie 2020
- 'n Nuwe onderrigbenadering om aan te pas by die eise en uitdagings van die 4IR
- Die gebruik van Edmodo as platform om ons onderrig aanlyn te kanaliseer
- Klaskamerorganisasie en onderrigmetodiek
- Die prosedure tydens klaswisseling
- Toekomstige assesseringspraktyke
- Hantering van vakveranderinge vir graad 10- en 11-leerders
- 'n Eenvoudige Gedragskode vir leerders

- Die skool se ondersteuningsnetwerk
- Die skoolsnoepie
- Kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis
- Hoe die eerste skooldag gaan verloop
- 'n Kykie na die verloop van die res van die kwartaal as ander grade aansluit
- Musiek- en LO-onderrig
- Tien wenke aan leerders en onderwysers

Hierdie dokument sal vandag aan alle ouers en leerders uitgestuur word.

BESTUDEER DOKUMENT

Ons doen 'n beroep op alle ouers / voogde en alle leerders om 'n deeglike studie van hierdie dokument te maak en hulle te vereenselwig met dit wat daarin staan. Ons wil ouers en leerders uitnooi om met die graadhoofde, klasonderwysers, mev. Anne-Marie Naudé, van die Kwagga Opvoedkundige Sentrum, en die skoolhoof te skakel as daar onsekerheid is oor enige saak wat aangespreek is. Ons weet dat daar baie vrae, vrese en onsekerhede is. Daarom nooi ons u hartlik uit om met ons te kommunikeer. Ons onderneem om gereeld met alle ouers en leerders te kommunikeer en hulle ingelig te hou soos die proses vorder en meer inligting van die Departement van Onderwys ontvang word.

AANPASSING IN KURRIKULUM VIR GRAAD 8 TOT GRAAD 11

Ons is tans besig om die graad 11's en graad 10's in groepe te verdeel en sal binne die volgende twee weke gereed wees om hulle terug te verwelkom. Daarna sal die graad 8's en graad 9's aan die beurt kom. Die nuwe, ingekorte kurrikulum vir hierdie vier grade is gister bekend gestel. Die vakhoofde en groepleiers is besig om dit te bestudeer en beplanningskemas daarby aan te pas. Alle aangepaste beplanningskemas moet teen Vrydag, 29 Mei 2020 by die adjunkhoof: akademie ingehandig word.

ONDERRIG IN ALLE GRADE VANAF 1 JUNIE

Alle leerders (graad 8 tot 12) moet dus kennis neem dat voltydse onderrig vir alle grade op 1 Junie 2020 begin. Onderwysers is druk besig om lesse op te neem en sal vanaf Maandag dit op Edmodo plaas. Elke les sal met opdragte gepaardgaan en leerders word versoek om dit pligsgetrou te voltooi.

In grade 8 en 9 sal lesse in sommige vakke nie elke dag op Edmodo geplaas word nie. Onder normale omstandighede het juniors in vakke soos Geskiedenis, Geografie, NWFW en NWLW slegs 3 periodes in 'n 9 dag-siklus gehad. Die plasing van lesse en opdragte sal hierdie gegewe reflekteer. 'n Graad 8- en 9-leerder sal dus elke dag 'n kort les en opdragte in Wiskunde ontvang, maar nie in bogenoemde vakke nie.

MISVERSTAND

Ons het gevind dat daar 'n reuse misverstand ontstaan het na die toesprake van die Staatspresident en die Minister van Basiese Onderwys. Beide van hulle het verklaar dat ouers nie gedwing sal word om hul kinders skool toe te stuur nie. Hulle het gesê dat hierdie leerders moet onttrek (deregistreer) en by aanlynskole vir tuisonderrig moet registreer. Wat hulle egter nie genoem het nie, is dat die skool waar die leerders tans ingeskryf is, dalk 'n aanlynopsie vir sodanige leerders moontlik kon bied en dit as eerste opsie moet ondersoek.

OUTENIQUA-AANLYN-SKOOL

Hoërskool Outeniqua het goeie nuus vir sodanige ouers en leerders. Vanaf 1 Junie 2020 sal daar aanlyn-onderrig in alle grade in alle vakke aangebied word. Ons skool beskik oor 'n uiters kundige personeel wat reeds gereed is om hierdie diens te verskaf. Die Hoërskool Outeniqua is vroeër vanjaar gekroon as die 3de beste kwintiel 5 skool (skole met meer as 300 leerders per graad) in Suid-Afrika. Dit is 'n klinkklare bewys van die kwaliteit van onderrig wat Outeniqua bied en die sterk leerkultuur en wenkarakter van sy leerders.

Ons wil ons ouers dus baie sterk aanmoedig om hul kinders nie te onttrek en by duur, gesiglose aanlynskole in te skryf voordat hulle hul nie vergewis het van die kwaliteit diens wat Outeniqua hulle kan bied nie.

Ons wil ook vir ouers wat bang of onseker is om hul kinders skool toe te stuur en redeneer dat hulle volgende jaar eers weer hul kind skool gaan stuur, baie sterk afraai, want Outeniqua se aanlyndiens kan daardie uitdaging maklik oorbrug.

OORWEEG EEN VAN DIE 3 OPSIES

Kom ons verduidelik dit so:

'n Leerder van Outeniqua het vanaf 1 Junie 2020 die volgende 3 opsies:

1. Die leerder kan in skakel by die akademiese rooster en program soos uiteengesit in die dokument wat u reeds ontvang het. Hierdie leerders wil graag elke dag of so gereeld soos die rooster dit sal toelaat, die skool bywoon. Hierdie leerders verklaar dus (deur hulle keuse) dat hulle die interaksie met maats en onderwysers geniet en dat hulle die begeleiding van die onderwyser nodig het om te vorder. Hierdie is die normale onderwyspraktyk en Outeniqua sal hierdie leerders met ope arms ontvang en onderrig soos in die verlede.

2. Sommige leerders het egter in hierdie grendeltyd aangepas by die nuwe omstandighede en die geleentheid aangegryp om selfstandig te studeer. Hierdie leerders is in staat om hulself te organiseer en die leerinhoud deur selfstudie en met behulp van vele aanlyn-hulpmiddels te bemeester. Outeniqua gee volle erkenning aan hierdie leerders en wil hulle aanmoedig om daarmee voort te gaan. Matrieks kan dus voortgaan daarmee en sal toegelaat word om September die rekordeksamen af te lê en daarna die Nasionale Senior Sertifikaateksamen. Al vereiste is dat sodanige leerder en sy of haar ouer met die skool moet kommunikeer en hulle van hul besluit in kennis stel. Natuurlik sal hierdie leerder alle aanlynlesse en studiemateriaal van die skool ontvang wat hy of sy aanvullend kan gebruik saam met die programme wat hulle tans gebruik. Die groot voordeel hier is dat die leerder die skool, sy sisteme en stelsels en onderwysers ken. Sou die leerder vashaak, kan kontak met die onderwyser gemaak word. Hierdie leerders is fisies afwesig van die skoolterrein, maar aanlyn aanwesig. Die skool sal dus sodanige leerder aanwesig merk. Hierdie toegewing geld ook vir leerders in die ander grade – hulle sal slegs November die bevorderingseksamen skryf.

   Dit bring ons by die derde opsie.

3. Hoërskool Outeniqua maak dit moontlik dat 'n leerder 'n kombinasie van Opsie 1 en Opsie 2 kan gebruik. Die leerder kan, ooreenkomstig sy of haar behoeftes, self besluit watter lesse in watter vakke hy of sy wil bywoon. 'n Leerder kan byvoorbeeld besluit om nie Afrikaans by te woon nie (reeds self bemeester), maar wel later die dag die les in Engels wat handel oor 'n kortverhaal wat nie verstaan word nie. Die volgende dag kan die leerder besluit om die Wiskundeles by te woon, maar vroeër die skool kan verlaat, want hy of sy het reeds die Geskiedenis wat tans behandel word, deur selfstudie bemeester. Al wat nodig is, is duidelike, skriftelike kommunikasie met die skool. Sodanige leerder sal dus aanwesig gemerk word. Hierdie leerders skakel dus outomaties by die normale assesseringsprogram (toetse en eksamens) van die skool in.

WAT IS DIE VOORDELE VAN HIERDIE UNIEKE EN DINAMIESE STELSEL:

- Leerders bly deel van Outeniqua; die skool, sy stelsels en die onderwysers is bekend aan die leerder en die ouer; daar is tradisie – die leerder voel ek behoort, ek is deel van 'n instelling wat byna 'n eeu oud is; ek ken die ander kinders in die skool en is deel van die groep;
- Die bestaande verhouding met die skool en die onderwyser word voortgesit;
- Registeronderwysers en graadhoofde speel steeds in kernrol in die ontwikkeling van die kind en is te alle tye beskikbaar om aan die leerders se behoeftes aandag te gee;
- Leerders kry 'n vryheid van keuse wat pas by sy of haar persoonlikheid en behoeftes; dit dwing die leerder tot selfkennis, eienaarskap, besluitneming en verantwoordelikheid – uiters belangrike lewensvaardighede in die tyd waarin ons tans leef!
- Die leerders is bekend met die eksamenstelsel en hoef nie by 'n nuwe stelsel aan te pas nie;
- Die skool bied gespesialiseerde ondersteunings- en sielkundige dienste gratis aan die leerder; geen aanlynskool in die land bied hierdie diens nie;
- Die Kwagga Opvoedkundige Sentrum bied ondersteuning in vakkeuses, loopbaan-keuses en help met die aansoeke vir universiteite en beurse;
- Minder leerders is fisies op die terrein teenwoordig wat die risko drasties verlaag;

TYD VAN AANPASSING VIR GRAAD 8- TOT GRAAD 11-LEERDERS

Ons besef dat baie leerders in grade 8 tot 11 nie gedurende die grendeltyd gewerk het nie en nie gewoond is om aanlyn te studeer nie. Om die kurrikulum suksesvol te voltooi en seker te maak dat geen leerder enige agterstand ontwikkel nie, wil ons 'n beroep op alle leerders doen om te begin werk. Die vakbeplanners (groepleiers) in elke graad sal die beplanning so aanpas dat leerders nie toegegooi sal word onder werk nie, maar dat die leerder uitgedaag sal word om by die nuwe onderrigbenadering aan te pas. Ons is terdeë bewus dat die bemeestering van nuwe konsepte uitdagings aan die leerders sal bied. Edmodo maak dit moontlik dat leerders met onderwysers kan kommunikeer en kan aandui waarmee hulle sukkel. Onderwysers sal dan via Edmodo verder kan verduidelik om die leerder te help om te vorder. Sou die leerder steeds sukkel om die werk onder die knie te kry, sal die onderwyser 'n aantekening daarvan maak en dit weer in die klas verduidelik sodra leerders weer skool mag bywoon. (Lees meer oor Edmodo in die Inligtingsboekie)

Leerders in grade 8 tot 11 moet kennis neem dat die nuwe onderrigbenadering 'n werklikheid is. Wanneer alle grade weer mag skool bywoon, sal slegs 2 of maksimum 3 grade, weens die vereiste van sosiale distansiëring, op die terrein toegelaat kan word. In wese beteken dit dat 'n graad nie meer as twee of drie dae per week onderrig op die skoolterrein sal ontvang nie. Leerders en onderwysers gaan dus gedwing word om aanlyn te werk om die kurrikulum te

voltooi. Daarom het ons die besluit geneem om in die volgende weke die ander grade aan hierdie nuwe benadering en uitdaging geleidelik bloot te stel.

Ons is bewus van die uitdagings wat met hierdie onderrigbenadering gepaardgaan. Ons het reeds aan mev. Naudé van die Kwagga Opvoedkundige Sentrum opdrag gegee om leerders te ondersteun met dinge soos: tydsbestuur, selforganisasie, studiemetode, ens. Elke vakonderwyser sal ook deur middel van Edmodo leerders hiermee ondersteun. Ons het nou die geleentheid om geleidelik aan te pas by die uitdagings van die 4IR, maar ook die wonderlike geleenthede wat dit bied. Covid-19 dwing mense wêreldwyd om hierdie sprong nou te maak en Hoërskool Outeniqua wil ter wille van ons pragtige leerders 'n voorlooper en baanbreker in hierdie veld wees.

Die week van 1 Junie tot 6 Junie sal as 'n oriënteringsweek vir grade 8 tot 11 beskou word. Die Edmodo-platform sal aan die leerders en ouers bekendgestel word sodat hulle vertroud sal wees met die stelsel wanneer die volgende graad moet terugkeer skool toe.

Die Edmodo-program kan as 'n toep op die selfoon afgelaai word en kan ook aanlyn op die rekenaar gebruik word. Besoek gerus www.edmodo.com. Onderwysers sal van volgende week af leerders ondersteun in die registrasieproses, want leerders het 'n kode per vak nodig om as "student" te registreer. Die volle proses sal in 'n volgende dokument uiteengesit word.

'N TIPIESE SKOOLDAG VIR 'N AANLYN-LEERDER

Leerders moet ook kennis neem dat dit nie die skool se uitgangspunt is om leerders heeldag met skoolwerk besig te hou nie. Outeniqua glo in gebalanseerde opvoeding. Nadat die leerder aan sy of haar skoolwerk aandag gegee het, moedig ons die leerders aan om te ontspan, te oefen en te sosialiseer – binne die veiligheidsmaatreëls wat geld. Hierdie aspekte is netso belangrik vir die holistiese ontwikkeling van die kind as sy of haar uitbreiding van kennis en vaardighede op akademiese gebied. 'n Tipiese skooldag vir 'n graad 10-leerder kan dus so verloop:

- 08:00 - Registeer aanlyn
- 08:00 – 09:40 - Afrikaans Huistaal
- 09:40 – 09:50 - Kort rusperiode
- 09:50 – 10:30 - Engels
- 10:30 – 10:50 - Pouse
- 10:50 – 11:30 - Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
- 11:30 – 11:40 - Kort rusperiode
- 11:40 – 12:20 - Keusevak 1
- 12:20 – 13:00 - Pouse (Middagete)
- 13:00 – 13:40 - Keusevak 2
- 13:40 – 13:50 - Kort rusperiode
- 13:50 – 14:30 - Keusevak 3
- 14:30 – 19:00 - Ontspan / Oefen / Sosialiseer
- 19:00 – 20:00 - Huiswerk / Opsommings / Voltooiing van taakkaarte of opdragte
- 20:00 – 20:30 - Neem 'n lekker breek en ontspan
- 20:30 – 21:30 - Huiswerk / Opsommings / Voltooiing van taakkaarte of opdragte

Lesse en opdragte sal altyd die vorige aand op Edmodo gelaai word. Onthou net: by die juniors sal daar nie lesse in alle vakke elke dag gelaai word nie. Die selfstandige leerder sal ook self kan besluit hoe sy of haar dagprogram sal verloop. Bogenoemde is bloot 'n riglyn en hoef verseker nie gevolg word nie. Elke leerder moet sy of haar eie ritme kry en daarby bly. Hierdie tipe leerder aanvaar dus eie verantwoordelikheid vir sy of haar vordering.

BELEID

Ons is tans besig om beleid te formuleer oor die beskikbaarheid van die onderwyser. Ouers en leerders moet verstaan dat onderwysers gedurende die skooldag voltyds klasgee, lesse opneem en taakkaarte opstel. Dieselfde onderwyser moet dan vir die leerders wat aanlyn studeer, beskikbaar wees. In die namiddae en aande is die onderwyser ook besig met voorbereiding vir die volgende dag se lesse. Daar sal binnekort 'n dokument aan u gestuur word om hierdie aspek aan te spreek. Leerders en ouers moet weet dat onderwysers die ekstra myl vir die leerders sal loop, maar dat elkeen van hulle ook geregtig is op familietyd en ontspanning. Ons glo dat ouers en leerders hiervoor begrip sal toon en streng by die beleid sal hou.

Hierdie skrywe sal opgevolg word met 'n aantal kort videos om die graad 8- tot 11-leerders te oriënteer en te begelei om 'n doeltreffende studiemetode te ontwikkel vir die tyd wat hulle nog by die huis is.

GEBREKKIGE FASILITEITE

Ons is intens bewus van die feit dat nie alle leerders oor die nodige fasiliteite beskik nie. Die skool is tans besig om data wat reeds ingesamel is te verwerk en persoonlik met hierdie leerders en ouers te skakel om hulle ook in staat te stel om aan die werk te spring. Ons is ook in gesprek met selfoonmaatskappye om data teen 'n laer tarief aan leerders te voorsien, mits Edmodo gebruik word. Ons sal sodra ons alles op skrif het, dit kommunikeer. Ons is opsoek na rekenaars en slimfone wat nie meer gebruik word nie, om aan minderbevoorregte kinders te gee. Ons doen 'n beroep op ouers om ons in hierdie projek te ondersteun.

ASSESSERING

Alles dui daarop dat die gr. 8- tot 11-leerders net aan die einde van die jaar gaan eksamen skryf. Die matrieks gaan 'n voorbereidende eksamen skryf en aan die einde van die jaar hulle eindeksamen. Leerders wat deur ons aanlyn gaan studeer, sal toegelaat word om die eindeksamen te skryf. Ons is tans besig om met kerke in ons omgewing te onderhandel om ons eksamen ook daar af te lê. As ons tydens die eksamens 'n sosiale afstand van 1,5m moet handhaaf, gaan ons letterlik drie groot sale nodig hê om die eksamen af te lê.

VOLTOOIING VAN MAARTEKSAMEN VIR MATRIEKS

Ons het gister verneem dat die matrieks wel hierdie eksamen moet voltooi. In 'n vorige skrywe het ons laat blyk dat dit onnodig sou wees. Ons het nou bevestiging daarvan ontvang. Ons sal dus in volgende week twee datums bepaal wanneer hierdie vraestelle geskryf moet word. Leerders sal genoeg tyd gegun word om te leer. Dit sal verseker nie in die eerste twee weke geskied nie.

FINANSIES

Die skool besef die impak van die inperking op almal se finansies. Daarom wil ons baie dankie sê vir ouers wat steeds getrou skoolfonds betaal. Die betaling van skoolgeld is 'n statutêre verpligting kragtens die bepalings van Artikel 40(1) van die Skolewet. Ons wil egter ouers wat op hierdie stadium nie kan betaal nie, versoek om Me. Venter in die finansiële kantoor te kontak om reëlings te tref, of om aansoek te doen om vrystelling.

Ons wil ook graag ouers aanmoedig om van die Karri-app gebruik te maak vir die betaling van skoolgeld. Deur van die toepassing gebruik te maak, kan u u bankkaart gebruik vir betalings, sonder om fisies skool toe te kom.

Met die goedkeuring van die 2020 begroting op 28 Oktober 2019, het ouers teenwoordig die beheerliggaam gemagtig om tekorte wat op die begrote bedrae vir bepaalde begrotingsitems ontstaan, uit oorskotte aan te vul wat by ander items kan ontstaan, mits die totale begroting nie sonder goedkeuring van 'n ouervergadering oorskry word nie.

Die beheerliggaam het die begroting aangepas om voorsiening te maak vir die verlies aan inkomste uit verskeie aktiwiteite. Uitgawes is gesny en kapitaalprojekte vir die jaar is uitgestel tot wanneer daar meer sekerheid oor die toekoms is. Nuwe uitgawes het egter ook onstaan, naamlik die daaglikse sanitering van die skool en die aankoop van die nodige toerusting daarvoor. 'n Toename in ouers wat nie skoolgeld kan bekostig nie, word ook verwag.

Die skool het aansoek gedoen by die WVF vir die "Covid-19 Temporary Employer/Employee Relief Scheme" voordeel en het vir April 'n betaling ontvang. Beheerliggaampersoneel se salarisse is hiermee aangevul sodat hulle hul volle salaris ontvang het.

U kan dus sien dat die skool en die beheerliggaam poog om beide die skool en die ouers in hierdie tyd te help. Maar om gehalte onderrig voort te sit, het Hoërskool Outeniqua fondse nodig. Daarom vra ons u as ouer, om saam met ons te staan, sodat ons sterk aan die ander kant sal uitkom.

Baie sterkte met die nuwe uitdagings en ons weet met die genade van God sal ons die virus oorwin.

Vriendelike groete

Christo Vorster

Christo Vorster
Skoolhoof